This page was exported from - Bybelskool
Export date: Fri Oct 20 5:15:47 2017 / +0000 GMT

Psalm 119:41-48 ? WAW ? Die liefde vir God se wet gee vryheid en vrymoedigheid



Hierdie sesde gedeelte van die Psalm het twee baie besondere beklemtonings.

Die eerste besondere kenmerk is die wisselwerking tussen die troue liefde van die Here waarvoor die Psalmis bid in 119:41 wat geëggo word in sy vreugde in God se bevele: ?in u bevele wat ek **liefhet**; ek reik uit na u opdragte wat ek **liefhet**.? (119:47-48).

God se liefde steek ?n wederliefde aan wat op drie maniere sy lewe aanraak.

Die liefde wat God in gebedsverhoring bewys, help die Psalmis om antwoorde te gee aan sy spotters deurdat hy kan getuig dat sy vertroue op God se woord nie tevergeefs was nie (119:42).
Die vryheid wat God se wet gee, motiveer hom om met vrymoedigheid oor God se openbaring (bepalings) voor konings te kan praat sonder om hom te skaam (119:46).
En dit maak sy eie hart bly om nog meer en hegter aan God se bevele, opdragte en voorskrifte vas te hou (119:47-48).

Gebedsverhoring gaan dus nie net oor die verhoring as sodanig nie, maar oor die waarde daarvan in terme van jou getuienis voor ander en jou volharding in alle situasies. Bid dus sonder ophou die gebed van 119:41: ?Laat my u troue liefde ervaar, Here, u verlossing volgens u belofte.? Die effek daarvan op ander se lewe sowel as jou eie kan nie oorskat word nie.

Die tweede besondere kenmerk is die beskrywing van die: ?**vrye ruimte**? wat God se wet vir hom gee om die Here te kan dien ? Ps. 119:45 ? iets wat ongelukkig in die NAV se vertaling verlore gaan. Die BDV vertaal: ?Ek wil u wet voortdurend onderhou, vir altyd en altyd, en **ek wil in hierdie vrye ruimte voortbeweeg**.? (119:44-45).

Letterlik staan daar: ?ek sal rondloop in ?n wye plek,? wat metafories geneem kan word, soos die NIV dit dan ook vertaal: ?I will walk about in freedom for I have sought out your precepts.? Peterson vertaal op soortgelyke wyse: ?And I'll stride freely through wide open spaces as I look for your truth and your wisdom.? (The Message).

Teenoor die idee dat die wet ?n beperkende invloed in ?n mens se lewe het, konstateer die Psalmis die ?vrye ruimte? wat die wet gee om in God se geopenbaarde wil jouself uit te kan leef. Dit gee mens ?n hele ander perspektief op God se openbaring aan ons. Dit wil jou vrymaak van die gebondenheid wat die sonde en skuld so maklik in ?n mens se lewe teweeg bring.
Die liefde vir God se wet bring vryheid en vrymoedigheid.